



Wenk van die Maand

Augustus 2020

BYVOEGMIDDEL BEHOEFTE VAN GLIFOSAAT EN KLETODIM

Byvoegmiddels word dikwels verkeerdlik met sekere gewasbeskerming produkroepe (GBP) soos onkruidodders, insekdodders en swamdodders, aanbeveel. Dit word soms aangeneem dat 'n spesifieke byvoegmiddel tipe met enige GBP in daardie groep toegedien kan word. Dus een byvoegmiddel vir onkruidodders, 'n ander byvoegmiddel vir swamdodders en 'n derde tipe vir insekdodders.

Dit is 'n geweldig gevaarlike manier om byvoegmiddels te posisioneer en kan rampspoedige gevolge inhou! Glifosaat en kletodim sal hieronder bespreek word om te wys dat selfs GBP in dieselfde groep, verskillende byvoegmiddel behoeftes mag hê.

Glifosaat en kletodim se byvoegmiddel behoeftes

Glifosaat is 'n wateroplosbare onkruidodder wat deur verskeie opgeloste katione in spuitwater benadeel word. Hierdie antagonistiese katione sluit kalsium, magnesium, natrium, yster ens in. Dit is daarom van kardinale belang om ammoniumsulfaat met glifosaat te gebruik.

Wanneer 'n verspreider tipe byvoegmiddel gebruik word, is glifosaat meer effektief met sekere wateroplosbare benatters as met olie byvoegmiddels. Baie olies is antagonisties teenoor glifosaat en dit is belangrik om die glifosaat registrasiehouer te kontak om te bevestig of die olie byvoegmiddel wel geskik is.

Net soos met glifosaat, word kletodim deur sekere antagonistiese katione in spuitwater benadeel en natrium is heelwaarskynlik die nadeligste kation. Daarom is die gebruik van 'n ammoniumsulfaat byvoegmiddel met kletodim ewe belangrik.

Waar glifosaat egter goed met sekere benatters vaar, is kletodim weer meer effektief met olie-bevattende byvoegmiddels. Dit is die teenoorgestelde van glifosaat!

Glifosaat plus kletodim behoeftes

Wanneer glifosaat en kletodim in tenkmengsels toegedien word, is dit belangrik om 'n kwaliteit ammoniumsulfaat byvoegmiddel te gebruik, omdat beide onkruidodders deur sekere antagonistiese katione in die spuitwater benadeel word.

Die probleem ontstaan egter wanneer die benatter of olie gekies word. Kletodim verkies olies en is minder effektief met benatters. Glifosaat verkies weer benatters en kan deur sekere olies benadeel word. Daar is gelukkig 'n oplossing vir hierdie probleem in die vorm van Hoë Benatter Olie Konsentraat (HSOC in Engels) byvoegmiddels. Hierdie is olie-bevattende byvoegmiddels, maar met 'n hoë benatter lading. Dit maak dit meer mengbaar met beide glifosaat en kletodim, solank die korrekte benatter en olie ingesluit word.

Villa se glifosaat en kletodim produkte moet altyd met 'n geskikte byvoegmiddel toegedien word. Wanneer dit in mengsels toegedien word, is die byvoegmiddel keuse nog meer krities. Kontak gerus jou Villa bemarkingsadviseur vir 'n byvoegmiddel aanbeveling vir hierdie produkte alleen en in mengsels.

Villa se mening

Daar is basiese byvoegmiddel keuse beginsels met hierdie twee onkruidodders, beide alleen en in mengsels. Byvoegmiddel posisionering is krities om effektiewe onkruidbeheer te verseker.

Kontak Brian de Villiers vir meer inligting oor byvoegmiddels en waterkwaliteit by
082 880 0974 of
bdevilliers@villacrop.co.za